# Positiewe aksie is die geheim vir sukses

Steven Braudo: HUB Liberty Kleinhandel

Hoe wil jy hê moet jou toekoms lyk en hoe gaan jy die visie verwesenlik?

Ek het nog nooit ‘n suksesvolle persoon ontmoet wat nie ‘n positiewe houding jeens die lewe het nie. Daar is ‘n baie sterk skakel tussen jou geestestoestand en jou welslae, sowel in jou loopbaan as met jou finansies. As jy positief dink, in jou toekoms glo, fokus op die goeie dinge in jou lewe en dankbaar is, sal jy meer oop wees vir finansiële sukses. Jou houding is die enigste ding wat in die pad van jou doelwitte kan staan.

## Rykdomskepping vereis moeite

Hoewel positiewe denke ‘n belangrike eerste stap is, is dit nie genoeg om rykdom te skep nie. As dit die geval was, sou jy op die vloer in ‘n lotus-posisie oor jou groeiende bankbalans kon sit en droom en – siedaar! – jou finansiële kwellinge sou iets van die verlede wees!

Die werklikheid is dat optimistiese mense suksesvol is omdat hulle hul positiewe energie gebruik om positiewe aksies uit te voer. Hulle het ‘n plan waarvolgens hulle ‘n toekoms bou, omdat hulle in daardie toekoms glo. Eerder as om te glo dat ‘net die gelukkiges ryk word’, verstaan hulle dat ‘n positiewe gesindheid en harde werk die wenkombinasie is wat mense ‘gelukkig’ maak.

Vra jouself dus af: “Hoe wil ek hê moet my toekoms lyk en hoe gaan ek daardie visie verwesenlik?”

## Om ‘n plan in werking te stel

Talle mense is bang om ‘n finansiële plan in plek te stel, omdat hulle eers hul huidige finansiële werklikheid in die oë moet kyk.

Iemand met ‘n negatiewe ingesteldheid sou sê, “Ek het te laat begin; ek sal dit in elk geval nooit bereik nie.” Natuurlik sal dit niemand verbaas as hulle wel nooit daar uitkom nie.

Iemand met ‘n positiewe ingesteldheid sou sê “Ek tree eerder nou as more op; ek het ‘n plan en ek beur vooruit”. Deur jou huidige finansiële situasie vierkantig in die oë te kyk, bemagtig jy jouself en plaas jouself in beheer van jou finansiële lot. Jy erken die werklikhede van jou situasie en het nou ‘n plan wat jou ‘geluk’ kan laat draai.

## ‘n Plan kan jou geluk laat draai

Volgens ons finansiële adviseurs is die kliënte wat mikpunte stel en hulle daarby hou, sonder uitsondering diegene wat verrassend gou sukses behaal.

Selfs skuldberaders sê 90% van alle mense wat by hul skuldhersieningsverpligtinge hou, vind dat hul skulde gouer afbetaal word as wat aanvanklik verwag is. Die rede is dat jou finansies verbeter wanneer jy in beheer daarvan is, ‘n plan in plek het en ‘n duidelike visie vir jou toekoms het.

Jy het miskien ‘n plan om jou huislening binne tien jaar af te betaal, maar sodra jy vir jouself daardie mikpunt gestel het, raak jy so gemotiveer dat jy ander geleenthede soek om nog meer kontant by te voeg en jou lening sommer ‘n paar jaar vroeër af te los: jy kry dit sodoende reg om jou eie geluk te skep!

Die geheim is om by jou plan te bly, want as jy daarvan afwyk, sal jou geluk draai. Dit is waar jou finansiële adviseur ‘n deurslaggewende rol speel, want daar sal tye wees wanneer jy iemand nodig het om jou aan jou doelwitte te herinner en aan hoe jou handelinge van vandag daardie mikpunte in die toekoms sal beïnvloed.

Stel jou doelwitte, glo in jou vermoë om hulle te bereik en raadpleeg gereeld jou finansiële adviseur om jou op koers te help bly.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*